Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 20 MEI 2021 OM 10:00**

## 7.4 WYSIGING VAN KPI'S EN TEIKENS (2/4/2)

Die hersiening van sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens word voorgeskryf deur die *Municipal Planning and Performance Management Regulations*. Regulasie 11(2) bepaal spesifiek dat wanneer daar 'n wysiging aan die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) plaasvind, die KPI's en teikens dienooreenkomstig gewysig moet word.

**BESLUIT**

Dat die volgende wysiging van sleutelprestasie-aanwysers (KPI's) en teikens goedgekeur word:

(a) Byvoeging Munisipale Bestuurder: KPI - *"A hand-over report that can be tabled at the first meeting of the newly elected council completed"*; Teiken - *"Yes (by end of September 2021)"*;

(b) Wysiging alle direkteure en afdelingshoofde: KPI - *"% of all correspondence recorded by Collaborator less than 60 days old"* - maak onaktief vir 2021/22 totdat Collab rapportering op die KPI weer moontlik is;

(c) Wysiging Bestuurder Brand- en Nooddienste: KPI 13-0010(3) - *"Disaster Management Plan and Disaster Recovery and Business Continuity Plan reviewed"* - Verander teiken na: *"Yes (annually by end of Feb)"; en*

(d) Byvoeging Bestuurder Strategiese Dienste: KPI 09-0015 - "*Key performance indicators and targets reviewed",* Teiken - *"Yes (annually by June)"*